

Maandag 11 Junie

Skrifgedeelte: Esra 9:6-15

Fokusgedeelte: Esra 9:15

Bely jou skuld voor God

Esra het hom geskaam, omdat van sy geloofsgenote aan God ongehoorsaam was en met ongelowige vroue getrou het. Hulle het dit gedoen nádat God hulle begenadig het en hulle uit ballingskap terugbring het. Hulle het God se genade in die wind geslaan.

Skok dit jou nog wanneer ons van die verskriklike dinge hoor wat in ons land gebeur? Van dit word gepleeg deur mense wat sê dat hulle Christene is. Verdraaiing van die waarheid, fisiese en geestelike moord, huweliksontrou, seksuele losbandigheid, dwelmmis-bruik, uitbuiting, ensovoorts.

Dit is maklik om die skuld vir die morele verval in ons land voor die deur van die owerheid of ander mense te lê. Esra het anders opgetree. Al was hy onskuldig, het hy homself só met die afvallige Israëliete geassosieer dat hy praat van “ons” wat u gebooie oortree en ondertrou het met die nasies wat afskuwelik leef. Hy het saam met die skuldiges skuldbe-lydenis gedoen.

Wanneer 'n mens vingers na ander wys, is jy geneig om jou eie skuld te vergeet. Dit is belangrik om jou eie skuld te ken en te bely, sy genade te ontvang en daaruit te leef. Dan kan jy ook vir die ander bid, veral vir God se kinders wat besig is om sy genade te vertrap. Ons mag deur ons Here Jesus tot God nader en genade ontvang. As ons nie ons skuld bely en deur ons Here Jesus tot God nader nie, sal ons ook nie eendag voor Hom kan staan nie.

Sing: Skrifberyming 9-1:1, 11

Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)